# Naamloos

Youth Mag

**Mei tot Junie 2015** **Uitgawe 8**

**NG Gemeente Rietfontein-Suid**

*In aanbidding voor God*

# Pinkster



Espresso YOURSELF



Beste vriend en vriendin in geloof.

Welkom terug na die vakansie en die langnaweke wat verby is, glo en vertrou dat julle lekker uitgerus is en dat julle vol energie is vir die tweede kwartaal. Die kwartaal is propvol wonderilke dinge om na uit te sien. Ons is pas klaar met ons "Christen Ateïs" reeks en hoop jy het dit baie waardevol gevind. Iets waarna julle kan uitsien is ons Pinksterweek wat voorlê 17-22 Mei 2015, asook ons Familie-polsslag, saam om die tafel 31 Mei die aand (Sien in Naamloos vir meer inligting). Ons het weer 'n 50 dae reeks wat ons gaan behandel en sal later vir julle die inligting deurgee sodra ons dit beskikbaar het. Baie sterkte ook aan almal met die Junie eksamen wat voorlê, mag jy regtig ervaar dat die Here by jou is.

Groete Stanwin Street

NG Kerk Rietfontein-Suid

Ons Gee Om

## Gemeente Visie:

**Deur Christus-liefde gee ons vir almal om!**

# Mei 2015

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 31<br>**Aanddiens** 🕮<br>Familie-polsslag om die tafel<br>**18:00 – 19:00**<br>In die saal | | | | | 1<br>Werkersdag | 2 |
| 3<br>**Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15**<br>**Aanddiens**<br>🕮**18:00** | 4 | 5<br>Belydenisgroep 2015<br>18:30-21:00 | 6<br>**Solum 18:30** | 7 | 8 | 9 |
| 10<br>**Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15**<br>**Aanddiens**<br>🕮**18:00**<br>**(Moedersdag)** | 11 | 12 | 13<br>**Solum 18:30** | 14<br>**Hemelvaart** | 15 | 16 |
| 17<br><br>**Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15**<br>**Aanddiens Pinkster**<br>🕮**18:00** | 18<br>10:00 🕮<br>**Pinkster**<br>18:30 🕮<br>**Pinkster** | 19<br>10:00 🕮<br>**Pinkster**<br>18:30 🕮<br>**Pinkster** | 20<br>10:00 🕮<br>**Pinkster**<br>18:30 🕮<br>**Pinkster** | 21<br>10:00 🕮<br>**Pinkster**<br>18:30 🕮<br>**Pinkster** | 22<br>10:00 🕮<br>**Pinkster** | 23 |
| 24<br>**Pinksterspel**<br>**In die saal**<br>🕮**18:00** | 25 | 26 | 27<br>**Solum 18:30** | 28 | 29 | 30 |

*"Mense kan hoop hê vir die toekoms as hulle die moontlikhede van môre ernstig opneem en hulle nie laat vasbind aan die slegte rekord van gister nie"* **Moltmann**

# Junie 2015

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3<br>**Solum18:30** | 4 | 5 | 6 |
| 7<br>**Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15**<br>**Aanddiens 🕮18:00 (Biddag vir Ekologie)** | 8 | 9 | 10<br>**Solum18:30** | 11 | 12 | 13 |
| 14<br>**Aanddiens 🕮18:00 (Biddag vir Jeug & Kategese)** | 15<br>**Skoolvakans-iedag** | 16<br>**Jeugdag** | 17<br>**Solum18:30** | 18 | 19 | 20 |
| 21<br>**Jeugkuier 17:15**<br>**♫Youthbash♫ 18:00-19:30**<br>**Vadersdag;** (Biddag vir blindes) | 22 | 23 | 24<br>**Solum18:30** | 25 | 26<br>**Skole Sluit** | 27 |
| 28<br>**Oggenddiens 🕮10:00** | 29 | 30 | | | | |

*"Moenie aan jou hoop vashou nie, maar hou vas aan Christus, die Bron van ons hoop"* – **Charles H. Spurgeon**

# Sondag Selgroepe



Graad 8 –seuns & dogters

**Donovan** 082 564 7907







Graad 9 – seuns & dogters

**Andrea** 079 778 6125

**Hein** 084 588 1568



Graad 10 – seuns & dogters

**Channelle** 072 575 8904







Graad 11 – seuns & dogters

**Stanwin** 079 525 5695

"Hoop beteken ons sien die wêreld met al sy pyn en onreg nugter raak, maar ons is ook op die uitkyk vir tekens van hoop wat ons orals sien"

# Week Selgroepe

SOLUM

NG GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID

Solum is die Latynse woord vir fondasie. Daarom vertrou ons by Solum dat dit wat ons doen en bespreek, dat die Here dit as fondasie sal gebruik waarop Hy verder kan bou. So as jy tussen die ouderdom van **18** en **35** is wil ons jou uitnooi om ons te join, **Woensdagaande 18:30** by die kerk. Vir meer inligting kontak

**Petro 072 048 9856**




Ons almal het `n plek nodig waar ons voel ons 'belong' en waar ons saam kan gesels oor die lewe en waar die Here jou wil gebruik. Daarom wil ons jou uitnooi na J-Café. **Woensdagaande 18:30** in die Katakombe! Almal van **Gr.8-12** is welkom. Vir meer inligting kontak

**Stanwin 079 525 5695**

# Info....








## Spreekure

**Kontak gerus vir Stanwin en maak 'n afspraak:**

- Vir enige vrae.
- Probleme.
- Gebed.
- Of om net lekker te gesels.

**Enige een is welkom!**

**Stanwin 079 525 5695 (24/7)**







# Bemoediging...



As jy behoefte het aan bemoediging of gebed is jy welkom om enige een van die Leiers te kontak en 'n afspraak met hulle te maak. Hulle is daar vir jou so maak gebruik van die geleentheid. Jy is belangrik vir ons!



## Sending Sonder Grense / Mission Without Borders

Elke eerste Sondag van die maand samel ons geld in vir Valeriu, Hy is 11 jaar oud en bly in Moldova. Hy is serebraal gestremd. Valeriu se grootste droom is om normaal te wees soos al sy vriende. Hy het net `n ma wat na hom omsien, so die kanse vir behandeling of `n operasie is maar skraal, daarom wil ons graag help om `n verskil in sy lewe te maak. As die Here dit op jou hart lê, bring `n geldjie saam.

# Jeugkuiers

Ons het elke laaste Sondag van die maand `n Jeugkuier waartydens daar dan nie kategese is waar al die jeug dan saam in die saal bymekaar nie, maar kom en lekker saam as n groot groep kuier, met koeldrank, chips en lekkers.






## Waar jy betrokke kan raak…

Dien met jou gawe/s en raak deel van die jeugtaakspan. As jy op enige manier betrokke wil raak soos bv. met naamloos, socials, uitreike, om mense te bemoedig of enige ander iets wat jy in gedagte het. Maak 'n afspraak met Stanwin dan gesels julle oor jou idee wat jy het. As jy nog nie weet wat jou gawe/s is nie kan jy die Netwerkkursus bywoon, sien kalender vir datums.

## Duda mobile

- Saampraat papiere.
- Cool links.
- Twitter.
- Stuur 'n email vir die leiers.
- Gee ook vir ons wenke oor hoe ons die Jeug kan verbeter.

**Share ook met jou vriende!**

Gaan like ons op Facebook.

**NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug**



## Youthbash

**Wanneer**: Elke laaste Sondag van die maand

**Tyd**: 18:00 – 19:30 **Almal is Welkom!**

# Socials!






## 15 Mei



***Info***

**Tyd -** 18:00 tot 20:00
**Koste –** R45 per persoon
**Bussie vertrek-** 17:15
**Plek-** Kolonade









## 5 Junie

## Speletjiesaand & Braai







@R20







# Uitreik

## Ons het jou hulp nodig!

**Vanaf 18 Januarie 2015 tot 24 Mei 2015 wil ons 'n "Winter warmer" projek loots om 100 komberse in te samel vir minderbevoorregte mense wat op straat woon. So ons het almal se hulp nodig om ons mylpaal van 100 komberse te bereik. Jy kan jou kombers/e na die aanddienste bring of jy kan enige een van die Jeugleiers kontak en ons sal dit by jou kom haal. As jy 'n verskil wil maak, maar jy het nie 'n kombers nie is jy ook welkom om 'n bydra van R50 te maak vir die aankoop van komberse. Die geld kan julle ook vir enige van die Jeugleiers gee.**








# HOPE BOKS PROJEK





**R 25 per Boks**

**Kontak: Petro Jonker**

**072 048 9856**





# Social 14 Maart -Paintball















GOTCHA
PAINTBALL AND AIRSOFT SHOP
TIPPMANN
GOTCHA
PAINTBALL SHOP


PAINTBALL RANGE RULES


depositphotos









# Gebed vir die eksamen

Ek staan op die brug Heer, tussen gister en more,
Nou.
Tussen kindwees en grootwees is ek nou.
En ek weet: nog nooit het ek so veel geweet nie, Of
so min:
Nog nooit was ek so groot nie En so klein:
Nog nooit was ek so honger vir die lewe
Of so bang nie
As juis nou.
Here, wees U by my, langs my oor hierdie brug Want
sonder U, Here, wil ek omdraai en vlug! Here, help my om gister
suksesvol af te sluit; Help my
om myself vir more te slyp Help my fokus, Heer, help
my lees.
Gee my moed en insig en krag
Vir elke vraestel; elke eksamen dag.
En in elke vak wat ek studeer, o Heer, Laat my opnuut die
wonder van U aarde, U skepping
sien - Die Hand van die Almagtige God wat ek dien.
Maak my rustig Heer, kalm en stil;
Hou spanning en angs weg van my.
Laat my hand in U s'n bly.
Bid daarvoor in die Naam van ons Here Jesus Christus.
Amen







PINKSTERSPEL
24 Mei 2015
18:00 – 19:00


Wil jy in die Naamloos adverteer?
Skakel vir Stanwin
079 525 5695
stanwins@gmail.com

# Humor...


HA
HA


MOTREËN
iDEES VOL VREES
© KOBUS GALLOWAY
WWW.KOMEDIE.CO.ZA


iDEES VOL VREES
WWW.KOMEDIE.CO.ZA
SHHHH...
SKATTEJAG
© KOBUS GALLOWAY


FOTOGRAAF
iDEES VOL VREES
© KOBUS GALLOWAY
WWW.KOMEDIE.CO.ZA


SEEKAT
iDEES VOL VREES
© KOBUS GALLOWAY
WWW.KOMEDIE.CO.ZA


N
AT
SKEINAT
iDEES VOL VREES
© KOBUS GALLOWAY
WWW.KOMEDIE.CO.ZA


SPRINGBOK RUGBY
SPRINGBOKTRUI
iDEES VOL VREES
© KOBUS GALLOWAY
WWW.KOMEDIE.CO.ZA

# Gebedsmuur…



Daar is so baie Christene regoor die wêreld wat daagliks vervolging in die oë staar, tog volhard hul steeds in hul geloof. Danksy organisasies soos Open doors, wat ons bewus maak van hierdie lande en ook die situasies in hierdie lande, kan ons 'n verskil maak deur daagliks hierdie lande en die Christene daar aan die Here op te dra in gebed. Die lys bestaan uit 50 lande en dit is ingedeel van die lande met die meeste vervolgings na die lande met minder vervolgings. Vir meer inligting oor die 50 lande gaan kyk gerus op- **www.opendoors.org.za**

## Wêreldwaarnemingslys 2015:

1. Noord Korea
2. Somalië
3. Irak
4. Sirië
5. Afganistan
6. Soedan
7. Iran
8. Pakistan
9. Eritrea
10. Nigerië
11. Maledive
12. Saoedi-Arabië
13. Libië
14. Jemen
15. Oesbekistan
16. Viëtnam
17. Sentraal-Afrikaanse Republiek
18. Katar
19. Kenia
20. Turkmenistan
21. Indië
22. Ethiopië
23. Egipte
24. Djiboeti
25. Mianmar
26. Palestynse Gebiede
27. Broenei
28. Laos
29. China
30. Jordanië
31. Bhoetan
32. Comore
33. Tanzanië
34. Algerië
35. Colombië
36. Tunisië
37. Maleisië
38. Mexiko
39. Oman
40. Mali
41. Turkye
42. Kazakstan
43. Bangladesj
44. Sri Lanka
45. Tadjikistan
46. Azerbaidjan
47. Indonesië
48. Mauritanië
49. Verenigde Arabiese Emirate
50. Koeweit

# Inligting oor van die lande



## Nigerië

Die vlakke van druk en geweld teen Christene in Nigerië is hoër as ooit te vore. Hoewel Boko Haram meestal geassosieer word met die vervolging van Christene in noordelike Nigerië, is die vervolgingspatroon baie meer kompleks as slegs die moord of verwonding van Christene – asook gematigde Moslems – deur 'n Islamitiese terroriste groep. Dit is veral die geval in die 12 noordelike Sjaria-state, waar die plaaslike regering en sosiale groepe, geen spasie vir Christene, om hul eie lewens te lei, laat nie.

Die ontvoering van die Chibok-meisies het groot media-opslae in 2014 gemaak, maar dit het bloot die puntjie van die ysberg ontbloot en fisiese aggressie is steeds wydverspreid in Nigerië. Al die geweld het astronomiese getalle van interne ontwortelde Christene tot gevolg gehad. Meeste van hulle word nie deur nasionale of internasionale noodleninging organisasies versorg nie. Hul is 'n kragtige en lewende voorbeeld van die oppermag van hul vervolgers en die weerloosheid van die vervolgdes, en as sodanig moedig dit geweld en strafloosheid aan, en neem vrees onder vervolgde Christene in dié streek toe (www.opendoors.org.za).

**Hoofbronne van vervolging**:

- Islamitiese ekstremisme, Stam-antagonisme, Georganiseerde korrupsie

**Statestiek:**

- Bevolking - 183 523 000
- Christene – 48% (vir meer inligting besoek: www.opendoors.org.za)

# Preekreekse






Sop en brood

# Familie - polsslag om die tafel





## 31 Mei 2015

**Teikengroep:** Die hoof teikengroep is ***alle* ouers** (met tieners en kleiner kinders). **Oupas en Oumas** is ook welkom en **Omgeegroepe** kan ook as "familiekring" funksioneer. Enige persoon sal gemaklik iewers aan tafel kan deel in die verrigtinge. **Almal is welkom!**



**Spreker:** Ds. Maartje van der Westhuizen

**Tyd:** 18:00 tot 19:30

**Plek:** NG Rietfontein-Suid (Saal)



Vir meer inligting Kontak Ds. Van Heerden 083 660 1803

Sop en brood

# Youth Bash







Ons wil jou vra om met elke Youth Bash geleentheid, om vir ons asb. te minste een blikkie kos sal saam bring as "toegang". As jy meer kan bring, sal dit wonderlik wees.



# Ouers en Tieners: Sal hulle mekaar ooit verstaan?

ŉ Paar jaar terug het ek ŉ gespreksaand tussen tieners en hulle ouers gehou. Die tieners en hul ouers het weerskante van die saal gesit. Ek vra toe vir die tieners om ŉ lys te maak wat hulle in algemeen van ouers verwag en vir die ouers om ŉ lys maak wat hulle van tieners verwag. Na ŉ halfuur se gelag, gepraat en geskerts moes hulle die lysies vir mekaar lees. Kyk of jy hierby kan aanklank vind.

**Hier volg die tieners se lysie:**



- Ons ouers moet ons vertrou
- Toon begrip vir ons – julle was ook jonk!
- Wees trots op ons !
- Moenie spog met ons nie (veral nie voor familie nie)
- Moet ons nie met ander vergelyk nie
- Ouers moet ons aktiwiteite steun en bywoon
- Stel in ons lewens belang.
- Ouers moet erken as hulle fouteer
- Hulle moet billike dissipline toepas en nie rigied wees of oorboord gaan nie
- Hulle moet verduidelik waarom ons dinge nie moet doen nie – (sommer is nie rede nie)
- Wat ouers van tieners verwag moet hulleself ook bereid wees om te doen
- Moet ons nooit verneder nie ("shame" nie)

* Moenie namens ons praat nie

- Luister ons uit, moenie vooraf dink wat ons gaan sê en ons in rede val nie.

- Moet nooit voor kinders stry of rusie maak nie.
- Moenie voor ons “vry” nie
- Leer ons deur julle voorbeeld om ons probleme volwasse op te los
- Moenie ons druk om te presteer op gebiede waar julle as kinders misluk het nie.
- Wees ongekwalifiseerd lief vir ons
- Ons is baie lief vir julle!!!!!

**Die ouers se lysie aan die kinders het so gelyk:**

- Moenie ons as vanselfsprekend aanvaar nie
- Vertrou dat ons met die beste bedoelinge optree
- Moet ons nie met ander jongmense se ouers vergelyk nie
- Tieners weet nooit wat in ons lewens aangaan nie.

* Slegs hulle eie wêreld is vir hulle belangrik. Neem ons probleme ernstig op.

- Stel belang in ons as mense, vra ons uit hoe dit met ons gaan
- Wees trots op ons
- Moet ons nie voor ander ouers of jou maats verneder nie.
- Woon ook geleenthede by wat vir ons belangrik is.
- Vra verskoning as julle verkeerd is
- Luister na ons, moenie ons in rede val of deur toeklap nie.
- Praat met ons en verduidelik as julle nie lekker voel nie- ons kan dit nie ruik nie.
- Moenie ons verleë maak deur voor ons of in openbaar aan julle geliefdes te “hang” nie.
- Julle kan vir ons as ouer mense baie leer – ons soek ook julle raad.
- Moenie druk op ons plaas deur geld te vra, ons ‘n materiële skuldgevoel gee nie.
- Aanvaar ons met ons tekortkominge en wees begripvol vir ons omstandighede by werk.
- Wees onvoorwaardelik lief vir ons
- Ons is lief vir julle en wil geen ander kinders hê nie!!!

Dit was natuurlik vir albei groepe verstommend hoe baie die twee lysies ooreengestem het- Wys jou net nê, miskien moet ouers en tieners meer met mekaar praat en tyd maak, want hulle verwag dieselfde dinge van mekaar!! **(www. quintusheine.wordpress.com)**

# Ontspanning





## 'Bible Trivia'



**Toets jou Bybel kennis. Kyk of jy die volgende vrae kan reg kry:**

**1. Wat was Noag se seeuns se name?**

a. Sem, Gam en Jafet

b. Lameg, Henog en Jafet

c. Sem, Jafet en Jered

**2. Wat was Josef se jonste broer se naam**

a. Lotan

b. Benjamin

c. Elon

**3. Wat was die sesde plaag in Egipte?**

a. pes onder die vee

b. swere

c. hael

**4. In watse boek lees ons dat die son stil gestaan het?**

a. Rigters

b. 1 Konings

c. Josua

**5. Wie se donkie kon praat?**

a. Bileam

b.Balak

c. Jakob

**6. Hoeveel dae het Jesus min of meer op aarde spandeer na sy opstanding uit die dood?**

a. 7 dae

b. 20 dae

c. 40 dae

**7. Wat was die eerste Christen wat vervolg is se naam gewees.**

a. Johannes

b. Stefanus

c. Jakobus

**8. Waar lees ons die eerste keer van diakens?**

a. Matteus

b. Openbaring

c. Handelinge

**9. Watter dissipel was gesien as die ongelowige een, na Jesus se opstanding?**

a. Tomas

b. Judas

c. Petrus

**10. Wat is die drie Gereformeerde kerke se Belydenisskrifte?**

a. Apostoliese geloofsbelydenis, Belydenis van Nicea, Belhar?

b. Apostoliese geloofsbelydenis, Belydenis van Nicea,

Geloofsbelydenis van Atsnasius?

1:a 2:b 3:b 4:c 5:a

6:c 7:b 8:c 9:a 10:b

# Ou Testament

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| D | N | E | H | E | M | I | A | N | E | D | L | E | X | A |
| E | G | S | R | E | T | G | I | R | G | I | F | R | X | A |
| I | I | X | F | R | K | R | O | N | I | E | K | E | U | R |
| L | G | J | E | R | E | M | I | A | Z | E | H | D | I | L |
| G | A | S | S | U | K | I | T | I | V | E | L | E | R | T |
| O | E | P | D | U | S | L | R | Z | R | A | Z | I | E | R |
| O | L | R | S | A | D | A | I | W | U | N | R | L | M | A |
| H | A | E | E | H | N | O | G | G | T | O | E | G | U | J |
| A | M | U | F | A | Z | I | S | A | E | J | T | A | N | A |
| B | L | K | A | G | N | B | L | K | R | S | S | A | Q | S |
| A | O | E | N | G | A | O | R | R | E | I | E | L | V | E |
| K | J | J | J | A | H | J | J | O | S | U | A | K | E | J |
| U | G | O | E | I | U | G | X | S | I | S | E | N | E | G |
| K | R | M | U | I | M | O | N | O | R | E | T | U | E | D |
| P | R | E | D | I | K | E | R | Y | O | B | A | D | J | A |

# Woorde

GENESIS
EKSODUS
LEVITIKUS
NUMERI
DEUTERONOMIUM
JOSUA
RIGTERS
RUT
KRONIEKE
NEHEMIA
ESTER
JOB

SPREUKE
PREDIKER
HOOGLIED
JESAJA
JEREMIA
OBADJA
JONA
NAHUM
HABAKUK
HAGGAI
SAGARIA
MALEAGI

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2 | 4 | | 7 | | 1 | 8 | |
| 8 | 1 | | | 4 | | | 2 | 7 |
| 9 | | 7 | 8 | | 2 | 3 | | 5 |
| | | | 6 | 5 | 8 | | | |
| 7 | | | | | | | | 2 |
| | | | 7 | 2 | 9 | | | |
| 3 | | 5 | 2 | | 7 | 4 | | 9 |
| 1 | 7 | | | 9 | | | 5 | 8 |
| | 9 | 6 | | 8 | | 2 | 7 | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 9 | 4 | | | | 7 | 8 | |
| 2 | | 3 | 5 | | 7 | 4 | | 9 |
| | 7 | | 9 | 4 | 2 | | 6 | |
| | | 9 | 6 | 7 | 5 | 2 | | |
| | | | | | | | | |
| | | 7 | 8 | 3 | 1 | 5 | | |
| | 4 | | 7 | 1 | 8 | | 5 | |
| 7 | | 6 | 4 | | 9 | 1 | | 8 |
| | 5 | 8 | | | | 9 | 4 | |

# Bybel name

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | R | C | X | A | F | M | O | Y | M | W | W | Q | Q | N |
| I | W | G | X | D | V | I | M | B | Y | R | E | Z | A | Z |
| P | V | F | L | V | N | R | O | L | L | U | K | A | S | E |
| E | T | Z | U | S | D | I | L | G | A | A | K | I | E | A |
| T | J | Y | L | N | A | F | A | V | M | N | Y | V | N | V |
| R | Y | B | B | J | W | E | S | K | K | O | K | Q | N | F |
| U | S | A | T | P | I | S | O | E | W | J | H | V | A | N |
| S | C | V | K | I | D | O | R | E | R | B | K | T | H | A |
| N | R | B | A | W | A | J | A | K | O | B | U | S | O | E |
| F | Z | L | P | A | U | L | U | S | E | N | T | C | J | L |
| N | C | Q | N | M | T | R | U | C | E | O | A | D | H | X |
| J | L | C | A | C | V | B | E | N | J | A | M | I | N | C |
| J | E | D | P | D | X | E | V | T | K | R | Z | T | K | Q |
| D | J | Q | B | K | A | S | A | K | U | E | T | G | J | Z |
| T | S | J | D | F | P | M | M | M | A | R | I | A | U | V |

# Woorde

RUT
JOHANNES
JAKOBUS
PETRUS
PAULUS
JONA
DAWID
JOSEF
ADAM
KAIN
SALOMO
LUKAS
MARIA
BENJAMIN
LOT
EVA

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 3 | | | | 4 | | | |
| | | 5 | 6 | 3 | 9 | 2 | | 7 |
| | 9 | | 1 | | 2 | | 8 | |
| 9 | 6 | 4 | | 8 | | 1 | 3 | |
| | 2 | | 4 | | 1 | | 6 | |
| | 8 | 1 | | 6 | | 9 | 5 | 4 |
| | 4 | | 5 | | 6 | | 7 | |
| 1 | | 9 | 3 | 4 | 8 | 6 | | |
| | | | 9 | | | | 1 | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | | 1 | 2 | | | 7 | 4 | 8 |
| 5 | 7 | 4 | | | 8 | | 3 | |
| 3 | | | | 9 | | | 6 | 1 |
| | 4 | | | 1 | | | | 7 |
| | | 7 | 8 | | 9 | 4 | | |
| 8 | | | | 7 | | | 9 | |
| 1 | 8 | | | 4 | | | | 3 |
| | 5 | | 9 | | | 6 | 2 | 4 |
| 4 | 6 | 9 | | | 3 | 1 | | 5 |

# Bybel verhale



## AF

**1.** Wie het vir Jesus verraai?

**2.** Jesus se broer se naam?

**4.** Wie het die ark gebou?

**6.** Wie was Naomi se man?



**11.** Wie was in n rietmandjie geplaas om te verhoed dat die koning hom dood maak?

**13.** Boas was die vader van?



## <u>Dwars</u>

**3.** Met wie het Boas getrou?

**5.** Wie se pa het vir hom n kleurvolle kleed gemaak?

**7.** Die land van melk en heuning?

**8.** Abraham was die vader van?

**9.** Wie was die koning met Jesus se geboorte?

**10.** Salomo was die vader van?

**12.** Wie was Moses se skoonpa?

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | | | 5 | 6 | 4 | | | 2 |
| | | 1 | | 8 | | 9 | | |
| 5 | | | 1 | | 9 | | | 7 |
| | | | 8 | 3 | 1 | | | |
| | 1 | | 6 | 4 | 5 | | 9 | |
| | | | | | | | | |
| | 5 | | | 7 | | | 3 | |
| 2 | 6 | | 3 | 1 | 8 | | 4 | 9 |
| 1 | 3 | 4 | 9 | | 6 | 7 | 2 | 8 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 6 | | 8 | 1 | 5 | | 4 | |
| | 4 | 2 | | | | 5 | 6 | |
| 5 | | 7 | 2 | 6 | 4 | 1 | | 3 |
| | | | 4 | 3 | 9 | | | |
| | | 8 | | | | 4 | | |
| | | | 1 | 7 | 8 | | | |
| 2 | | 9 | 7 | 4 | 6 | 3 | | 5 |
| | 3 | 6 | | | | 9 | 2 | |
| | 5 | | 9 | 2 | 3 | | 7 | |



GET INVOLVED

Make A Difference

# Jakob se Put was karre!

Vir ***3 Saterdae*** in die maand kan u nou u kar laat was by verskillende gemeentes!

**Saterdag**
**9:00 tot 12 :00**



**Eerste Saterdag van die maand:** NG kerk Rietfontein-Suid
16de Laan/Ben Swartstraat, Rietfontein

**Tweede Saterdag van die maand:** NG kerk Condordia
5de Laan/Flowerstraat, Capital Park

***Derde Saterdag van die maand:*** *NG kerk Rieftontein-Noord*
*24ste Laan/Louis Trichardtstraat, Rietfontein*

En een van die dae kan ons dalk 'n vierde Saterdag byvoeg!!!

***Ondersteun ons asb.***

Hierdie mense is bereid om te werk vir 'n geldjie terwyl hulle tussen werke is. Alle gelde (fooi vir karwas en moontlike donasies) gaan alles na die motorwassers.

KOSTE: WAS EN RY R20
WAS EN SUIG R35

*Dankie vir u ondersteuning!*
*Sien jou Saterdag daar!*

# The grocery list

Louise Redden, a poorly dressed lady with a look of defeat on her face, walked into a grocery store. She approached the owner of the store in a most humble manner and asked if he would let her charge a few groceries. She softly explained that her husband was very ill and unable to work, they had seven children and they needed food. John Longhouse, the grocer, scoffed at her and requested that she leave his store. Visualizing the family needs, she said: Please, sir! I will bring you the money just as soon as I can." John told her he could not give her credit, as she did not have a charge account at his store.

Standing beside the counter was a customer who overheard the conversation between the two. The customer walked forward and told the grocer that he would stand good for whatever she needed for her family. The grocer said in a very reluctant voice, "Do you have a grocery list?" Louise replied, "Yes sir" "O.K." he said, "put your grocery list on the scales and whatever your grocery list weighs, I will give you that amount in groceries." Louise, hesitated a moment with a bowed head, then she reached into her purse and took out a piece of paper and scribbled something on it. She then laid the piece of paper on the scale carefully with her head still bowed.

The eyes of the grocer and the customer showed amazement when the scales went down and stayed down. The grocer, staring at the scales, turned slowly to the customer and said begrudgingly, "I can't believe it." The customer smiled and the grocer started putting the groceries on the other side of the scales. The scale did not balance so he continued to put more and more groceries on them until the scales would hold no more. The grocer stood there in utter disgust.

Finally, he grabbed the piece of paper from the scales and looked at it with greater amazement.It was not a grocery list, it was a prayer which said: "Dear Lord, you know my Needs and I am leaving this in your hands". The grocer gave her the groceries that he had gathered and stood in stunned silence. Louise thanked him and left the store. The customer handed a fifty-dollar bill to the grocer and said, "It was worth every penny of it."

Only God Knows how much a prayer weighs.

So many of us do not take advantage of the power God has given us. A prayer!

**~ Author Unknown ~**





# Pinkstertyd

Op Pinkstersondag vier ons die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 2). Die pinksterfees was, net soos die pasga, ook oorspronklik 'n Joodse fees (die Dag van die Eerste Vrugte of Fees van die Weke, die Oesfees - Lev 23:16). Tydens dié fees is die insameling van die oes, asook die bevryding uit slawerny gevier. In Jesus se tyd is die gawe en ontvangs van die Wet by die berg Sinaï ook tydens die fees herdenk. Vroeë Christene het 'n parallel tussen die vroeë Israeliete se ontvangs van die wet en húlle ontvangs van die Gees getrek (vgl Rom 7:6).

Die vroeë gelowiges het dié fees, wat ook as *pentekoste* (vyftig) bekendstaan, waarskynlik reeds baie vroeg gevier. Dit is moontlik dat Paulus dit saam met sy medegelowiges in Jerusalem wou vier (Hand 20:16). Dit is egter nét so moontlik dat hier na die  Joodse pinksterfees verwys word. Ons kan met sekerheid sê dat die viering van Pinkster as “die fees van die Gees” reeds tydens die tweede eeu wyd oor die destydse bekende wêreld gevier is.

In ongeveer 300 na Christus, tydens die Konsilie van Elvira, is die viering van Pinkster op die vyftigste dag na Paasfees vir die kerk voorgeskryf. Dit is interessant dat die Sinode van Dordrecht (1574) die vier van die Pinksterfees nie goedgekeur het nie. Daar is wel aanbeveel dat daar op die daaropvolgende Sondag oor die koms van die Heilige Gees gepreek moes word. Naas die viering van Pinkster(sondag), het daar ook in die NG Kerk 'n tradisie ontstaan om Pinkster te begin vier vanaf Hemelvaartdag of gedurende die week voor Pinkstersondag, met die hou van bidure of eredienste. Dit word nie in ander Christelike kerke gedoen nie.

Met Pinkster en gedurende Pinkstertyd vier ons nie net die gawe van die Gees nie, maar ook ons bemagtiging as gesante van God (Gal 5:25; Kol 1:9). Ons leer aan hoe om as "Geesgedrewe mense" te leef en te dien en ons oefen dit in.

God skenk aan ons sy Gees (Joh 20:22; Hand 2:4) en sy gawes (1 Kor 12:4) en laat ons die vrug van die Gees in ons lewens dra (Gal 5). Die boek Rut – wat met die pinksterfees gelees is – is ná die terugkeer uit die ballingskap geskryf om die hoorders daarop te wys dat dit nie die Wet self is wat belangrik is nie, maar die uitleef daarvan in praktiese omstandighede, veral wanneer die gelowiges met vreemdelinge te doen kry. Gód word gedien, nie die Wet nie. Job, Psalm 119, Daniël, die apokriewe boek, Wysheid van Ben Sirag, is ook met Pinkster gelees en Matteus het die Bergrede (Matt 5-7) as ’’n kommentaarlewerende teks vir christene geskryf om naas die Ou Testamentiese tekste tydens die pinksterfees in die sinagoge gelees te word. Die lesings tydens die fees is in agt blokke of eenhede gedoen.

Die vroeë Israeliete het die Kanaäniete se oesfees in die vroeg-somer oorgeneem, net soos wat hulle ook met ander feeste en gebruike gedoen het. Op die laaste aand daarvan, tydens 'n vier-en-twintig uur lange nagwaak, het hulle die gee van die Wet deur God en die ontvangs daarvan deur Moses by Sinaïberg gevier. Lukas het in sy teks die naam Pentekoste behou, maar die viering van die gee van die Tora met die gee van die Heilige Gees (sien Romeine 7:6) vervang. Hy vertel van Johannes die Doper wat gesê het dat iemand, wat groter as hy was en met die Heilige Gees en vuur doop, na hom sou kom (Lukas 3:15-17; hy maak hier ook 'n aansluiting met die skoonmaak van die dorsvloer). Nadat Jesus gedoop is en terwyl hy gebid het, het die hemel bo hom oopgegaan en die Heilige Gees op hom neergedaal en word uit die hemel aangekondig dat Jesus God se geliefde seun is oor wie God Hom verheug (3:21-22). Dís die nuwe, ware Pinksterfees. **(www.noordsingeloof.co.za)**



# KONTAKBESONDERHEDE

**Leraars:**

**Ds. Leon van Heerden  083 660 1803/ leonvh1600@gmail.com**

**Ds. Leon Tait  082 601 4235/ taitgesin@gmail.com.**

## Pastorale hulpe:

**Ds. Dirk van Zyl (Seniors)   084 028 8993/caddvanzyl@absamail.co.za**

**Stanwin Street (Hoërskool-jeug)   079 5255 695/stanwins@gmail.com**

## Koster:

**Frans Viljoen 082 707 5128**

## Kerkkantoor:

**012 331 3531**

**Jeanette de Beer (Kassier) jeanette99@telkomsa.net**

**Elna du Plessis Nel (Skriba) ngriet@telkomsa.net**

## GEBEDSLYN: 082 569 6590

## GEMEENTE WEBWERF: www.rietfontein-suid.ng.org.za

Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid

Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug

Twitter:@ngrietsuid

